Dr Jonathan Leith

MBChB(Pret) MMed(Surg)(Stell) FCS(SA)

Spesialis Chirurg

Pr no: 0420000240001

Kamer 208,
Panorama Medi-Clinic Tel: 021 930 9100
Rothschild Boulevard, Panorama Faks: 021 930 9200

INSTRUKSIES VIR KOLON VOORBEREIDING met PICOPREP (OGGEND)

- 'n Skoon kolon is baie belangrik vir die prosedure. Volg asb die instruksies noukeurig.
- Derm lediging begin ongeveer 2-3 uur na die eerste dosis PicoPrep, en mag aanhou tot 3 uur na die laaste dosering geneem is.
- PicoPrep veroorsaak waterige stoelgange totdat die uitskeiding helder en sonder vaste deeltjies is
- Dit is raadsaam om naby 'n toilet te bly. **Wend Vaseline aan om anus na elke stoelgang**.

MEDIKASIE:

1. **DIABETE –** indien moontlik , kontroleer asb u bloedsuikervlakke in die aand en oggend, en neem geen medikasie die oggend van die prosedure nie.
2. **YSTER TABLETTE -** Staak **een week** voor die prosedure.
3. **ROETINE MEDIKASIE** mag geneem word. Laat jou dokter weet as jy enige bloed verdunners gebruik wand dit mag gestaak moed word. Bloed verdunners is middels soos Warfain, Clopidogrel, Xarelto etc

TWEE dae voor die prosedure:
Volg 'n sagte, veselvrye dieet bv pasta, pampoen, gestoomde vis of hoender, helder soppe en jellie. Vermy veselrige vrugte en groente met sade of pitjies.

EEN dag voor die prosedure :

SLEGS HELDER VLOEISTOWWE – drink ten minste een glas elke uur tot slaaptyd

Geen vaste kos of melk produkte nie.

Goedgekeurde helder vloeistowwe: Water, swart tee/koffie, helder vrugtesap bv. appel, Litchie, & wit druiwesap, Bovril drankies, helder hoender sop, Energie dranke (Energade, Game) Geel en groen jellie sonder byvoegings
GEEN gas koeldranke, rooiwyn of rooi en pers koeldrank toegelaat nie.

U het 3 sakkies Picop Prep:

Om 16h00: Meng die 1ste sakke PICOPREP in 250ml warm water, roer tot helder. Drink gevolg deur glas water.
Om 18h00: Los tweede sakkie Picoprep op soos voorheen en drink gevolg deur 'n glas water.
Om 20h00: Los derde sakkie Picoprep op soos voorheen en drink gevolg deur 'n glas water.
Hou aan om goedgekeurde vloeistowwe te drink tot slaaptyd (23h00)

**** U mag nie motor bestuur direk na die prosedure nie. Reël asb vervoer.**

**** Verkry asb magtiging van u mediese fonds vir die prosedure.**

GASTROSKOPIE (1587), KOLONOSKOPIE (1653)

Kolonoskopie: Oorsig en Aanvullende Inligting

Wat is ‘n kolonoskopie?

'n Kolonoskopie is ‘n dagkliniek prosedure waar die binnekant van die dikderm (kolon en rektum) Ondersoek word. ‘n Kolonoskopie word algemeen gebruik om ‘n diagnose te maak van gastro-intestinale Simptome soos rektale of intestinale bloeding of verandering in stoelganggewoontes. 'n Kolonoskopie word aanbeveel vir individue sonder simptome om ondersoek te doen vir kolorektale kanker of poliepe. ‘n Roetine Kolonoskopie word aanbeveel vir persone ouer as 50 jaar en is noodsaaklik vir persone met ‘n familiegeskiedenis van poliepe of kolonkanker. In laasgenoemde geval moet die kolonoskopie uitgevoer word teen ’n ouderdom 10 jaar jonger as dié van die famiielid by wie kolonkanker gediagnoseer is.

Wat gebeur voor ‘n kolonoskopie?

Om ‘n suksesvolle Kolonoskopie te kan doen, moet die kolon skoon wees sodat die geneesheer die kolonwand duidelik kan sien.
Dit is dus baie belangrik dat u die instruksies vir kolonreiniging ‘n paar dae voor die prosedure lees en navolg. Indien die voorbereiding nie streng gevolg is nie, is dit moontlik dat die kolonoskopie nie suksesvol afgehandel kan word nie en moet die prosedure, waarskynlik op u eie onkoste, herhaal word.
U mag moontlik irritasie van die vel rondom die anus ervaar as gevolg van los stoelgange.

Hierdie irritasie kan verlig word deur die volgende te doen:

- **Wend ‘n dun lagie Vaseline aan om die anus voor u PicoPrep drink en na elke stoelgang.**
- Vee af met watte wat in warm water geweek is, of reuklose Wetwipes eerder as om toiletpapier te gebruik.
- Sit in ‘n bad warm water, droog af met ‘n sagte lappie en wend Vaseline aan.

Wat gebeur tydens ‘n kolonoskopie?

Die dokter gaan ‘n lang buigsame instrument in die rektum plaas en dit na die begin van die dikderm beweeg. Indien nodig kan weefsel vir toetsing (biopsie) geneem word en poliepe kan gesien en verwyder word. 'n Kolonoskopie kan akkurate diagnose en behandeling van kolorektale probleme toelaat sonder dat ‘n groot operasie gedoen hoef te word. Die instrument word na elke prosedure gesteriliseer.

U sal op die linkersy lê en ‘n aarbuis (drip) sal in u arm ingesit word. ‘n Kalmeermiddel en pynstiller sal daardeur toegedien word om u gedurende die prosedure te laat ontspan. U sal suurstof ontvang om ‘n normale bloedsuurstofvlak te handhaaf en u lewensfunksies sal gemonitor word.
Die prosedure duur gemiddeld 20-40 minute en u sal toegelaat word om na die prosedure te rus tot u heeltemal wakker is. Na die prosedure mag u effens ongemaklik en opgeblaas voel as gevolg van lug wat in u kolon geblaas is om sigbaarheid in die derm te verbeter.

Wat gebeur na ‘n kolonoskopie?

U sal in die herstelkamer bly vir waarneming tot u gereed is om ontslaan te word.
Krampe en winderigheid kan voorkom, maar dit is van korte duur.
As gevolg van sedasie sal u lomerig voel. ‘n Verantwoordelike persoon moet u huis toe neem**.**
U moet nie motor bestuur of swaar masjinerie hanteer vir die volgende 24 uur nie.
Vermy verbruik van alkoholiese drankies en neem probiotic kapsules om derm flora te herstel.

U mag met u normale dieet voortgaan na die kolonoskopie tensy anders deur u dokter aanbeveel.
Wag tot die dag na die Kolonoskopie voor u met fisiese aktiwiteite soos oefeninge voortgaan.
Indien poliepe verwyder of ’n biopsie gedoen is, moet u aspirien en anti-inflammatoriese middels vir 2 weke vermy. Parasetamol, bv Panado, mag geneem word indien nodig. As u antikoagulante, bv Warfarin Plavix gebruik, sal u dokter aanbeveel wanneer dit veilig is om weer die medikasie te neem.
Effense rektale bloeding mag voorkom vir 1-2 dae na die prosedure as ‘n biopsie gedoen of poliepe verwyder is. Indien u swaarder bloeding of bloedklonte ervaar, of as u erge abdominale pyn het, moet u dit onmiddellik aanmeld. Indien u dokter nie beskikbaar is nie, moet u na die hospitaal ER toe gaan.